**22 Desember** **Skrifgedeelte: Psalm 146**
**Fokusgedeelte: Psalm 146:5**

## Vestig jou hoop op God se trou

Dit gaan goed met die mens wie se hoop gevestig is op die Here sy God. Goed? In watter opsig? Omdat jy seker is van God se onwankelbare trou. Van ewigheid tot ewigheid is Hy dieselfde troue God. Verder kan ons eerder op Hom hoop as op mense, omdat Hy ewig lewe. Hy staan in sy grote almag bo alles wat Hy geskep het. As aardse sekerhede wankel, is Hy steeds daar vir jou.

Dit gaan goed met mense wat op Hom vertrou, omdat Hy noodlydendes te hulp kom. Verdruktes en bedruktes, hongeres, blindes, gevangenes, weduwee en weeskind – aan almal word God se trou beloof.

By die herdenking van Jesus se menswording herinner die Woord ons aan God se getrouheid. Sy liefde vir almal wat in nood is en die uitkoms wat Hy gebring het, word Psalm 146 bevestig. Vestig ook jou hoop op God se trou!

*Sing: Psalm 146:4 (Totius en Cloete)* *Dr. Callie Opperman*